

Inhoudsopgawe

Eerste woord	7
~ <i>Stephan Joubert</i>	
Hoofstuk 1	
Die Bybel brand ... in Jesus se hand	11
~ <i>Stephan Joubert</i>	
Hoofstuk 2	
“Wees versigtig met wat in jou hart omgaan ... ” oftewel, ken jou eie voorveronderstellings	24
~ <i>Roedolf Botha</i>	
Hoofstuk 3	
So verstaan jy die Bybel beter	35
~ <i>Leonard Maré</i>	
Hoofstuk 4	
Ontwikkel spesiale oë, “magic eyes”, vir Bybelse verhale	51
~ <i>Roedolf Botha</i>	

Hoofstuk 5	
Lees die Bybel én die lewe deur Christus	64
~ <i>Stephan Joubert</i>	
Hoofstuk 6	
Wanneer Woord en wêreld worstel	75
~ <i>Jan Venter</i>	
Hoofstuk 7	
My seksualiteit buig voor my navolging van Christus: 'n persoonlike verhaal	96
~ <i>Franco-Pierre Visser</i>	
Hoofstuk 8	
Die sielkunde van Christenskap: Hoe om beter te dink en die Bybel agterna te leef!	102
~ <i>Franco-Pierre Visser</i>	
Hoofstuk 9	
Word deel van die (kon)teks van 'n groter storie binne jou eie (kon)teks	114
~ <i>Tom Smith</i>	
Eindnote	131
Bibliografie	135

Eerste woord

Die Bybel brand, maar dan net in Jesus se hand

Jare gelede loop ek iewers 'n klein boekie raak met die titel *The Strange Silence of the Bible in the Church*. Daarin vertel die outeur James D. Smart hoe die Bybel stilgeswyg word binne die kerk van alle plekke. Hoe vryer die Bybel beskikbaar raak, hoe minder word dit gehoor, gelees, geleef. Wat 'n tragedie!

In ons dag beleef ons 'n groot Bybel-nood ten spyte van die feit dat daar meer Bybels as ooit tevore in die wêreld beskikbaar is. Nuwe Afrikaanse vertalings van die Bybel oorstroom die plaaslike mark, terwyl apps soos YouVersion reeds 1 228 vertalings van die Bybel in 895 tale gratis aan gebruikers beskikbaar stel. Nogtans is die Bybel 'n onbekende en erg misbruikte Boek.

Een belangrike rede hiervoor is dat mense steeds nie weet hoe om die Bybel reg te lees nie. Die regte instruksies vir Bybel-lees het iewers langs die pad verlore geraak. Of dit is nooit behoorlik verduidelik aan Bybelleesers nie. Daarom het die Bybel op vele plekke tot 'n "Groot Verseboek" versteen. Ten beste bely baie mense nog *sola Scriptura*, "die Skrif alleen", net om die Bybel daarna heeltemal buite rekening te laat. Ander staan weer op die Bybel, sonder om ooit af te klim en dit reg te lees. Nog ander probeer gedurig om terug te keer na die Bybel

sonder dat hulle agterkom Psalm 119:105 sê die woord is die lig op die pad hier reg voor hulle – vorentoe dus, nie omdraai nie!

Wel, hier's goeie nuus vir alle Bybellesers in ons onstuimige tye: Die Bybel brand! Nee, hierdie brand is nie 'n uitbrandvuur nie. Dis nie asof ons een of ander vuur moet blus om die Bybel se voortbestaan te probeer verseker nie. Die Bybel het nie reddingsaksies van ons kant af nodig om dit te laat oorleef nie. Die Woord is in Jesus se hand. Dit is die skerp swaard van die Heilige Gees. Die Bybel leef, want dit is in die hande van die regte hemelse Outeur.

Wanneer Jesus aan die woord kom in die Woord, is dit altyd 'n brandende vuur. In Lukas 24 hoor ons juis hoe twee mense wat saam met Jesus op reis was uiteindelik vir mekaar sê dat hulle harte vlam gevat het toe Hy die Skrif daar vir hulle uitgelê het. 'n Brandende Woord, dus, maar dan net as Jesus self die Skrif oopmaak. Wanneer Hy die Skrif uitlê, en wanneer die Gees dit vaslê in ons lewens, verander alles. Dan vat die Bybel regtig vlam. Dan slaan harte aan die brand.

“Verstaan jy wat jy lees?”

Hierdie boek wil daartoe bydra dat die Bybel helder brand in Jesus se hand. Dit wil ook getrou wees aan die Gees se roete van Skrifuitleg soos wat dit in Handeling 8 gebeur het. Onthou jy nog hoe die hofdienaar van Etiopië daar op 'n wa gery het terwyl hy uit die boekrol van Jesaja lees? Hy het egter nie 'n idee gehad wat hy lees nie. Toe stuur die Gees vir Filippus na hom toe om die teks vir hom uit te lê. Wanneer Filippus in Handeling 8:30 vir die hofdienaar vra: “Verstaan u wat u lees?” antwoord hy: “Hoe sou ek kon as niemand dit vir my uitlê nie?” Toe nooi die hofdienaar vir Filippus uit om by hom op sy wa te klim en die Skrif vir hom uit te lê. Die res is geskiedenis.

Die Bybel moet reg uitgelê en verstaan word. Hiervoor ge-

bruik die Gees ook mense, soos ons lees in Handeling 8. Nie elkeen wat die Bybel lees, verstaan dit nie. Ja, die basiese Bybelse boodskap is duidelik en maklik verstaanbaar, naamlik dat Christus die enigste Here en Verlosser is, maar dit neem steeds nie weg dat die Woord reg uitgelê moet word nie. Wanneer Geesvervulde mense die Skrif ter hand neem en dit reg verstaan, brand die Bybel reg. Dan maak die Gees mense se oë en verstand oop. Dan verander lewens.

Hierdie boek wil vir 'n wyle by jou op jou lewenswa klim om die Skrif vars en nuut te ontdek. Te midde van al die stryerye hier in ons tyd oor selfdegeslagverhoudings, rassisme, vroue se leiersrol in die Bybel en vele ander vrae, wil hierdie boek die régte lees en verstaan van die Bybel ernstig opneem. Saam met die mense van Emmaus in Lukas 24 moet ons weer uitroep dat ons harte aan die brand geslaan het toe Jesus uit die Skrif met ons gepraat het.

Ek sluit graag 'n kort stukkie biografiese inligting oor elkeen van die ander medewerkers in:

Jan Venter dien as leraar by die Pierre van Ryneveld Geloofs-familie (NG Kerk) in Pretoria. Hy was vantevore meer as twintig jaar betrokke in jeugbediening as jeugleraar, gebiedshoof van die VCSV en studenteleraar. Hy is tans besig met navorsing oor Bybelse leierskap en leef hom met oorgawe uit in die gemeenskap waarin hy Jesus dien.

Leonard Maré is buitengewone professor in Ou Testament aan die Noordwes-Universiteit, hoof van die Departement Ou Testament aan die Auckland Park Teologiese Seminarium en 'n bedieningsleier by die Mosaïek Gemeente. Hy is medeskrywer van *Ontsluit die Bybel*. Leonard is getroud met Sandra en het twee kinders, Ruan en Luzaan.

Roedolf Botha is getroud met Marié en het twee kinders, Ru-

ben en Jessica. Hy is passievol oor Jesus en leef sy roeping uit deur leiding te gee aangaande teologie, leierskap, kerkplanting en evangelisasie. Hy was leraar in twee NG gemeentes waarna hy twee onafhanklike gemeentes geplant het. Tans is hy onder andere betrokke by Dialoog en ekerk.

Franco-Pierre Visser is 'n kliniese sielkundige van beroep en hy is nasionaal en internasionaal bekend vir sy spesialisasie in psigo-geregtelike aangeleenthede. Hy is ook 'n lektor in kliniese sielkunde aan 'n groot Suid-Afrikaanse universiteit. Hy is passievol oor Jesus, die opleiding van studente, musiek, boeke en vliegtuie, asook die studie van edelgesteentes.

Tom Smith is getroud met Lollie en hulle het twee kinders, Tayla en Liam. Hy het 'n passie om Jesus te volg binne ons Suid-Afrikaanse konteks en is die medestigter van die organisasie Rhythm of Life (www.rhythmoflife.co.za) wat gemeentes en organisasies help om dissipelskap te bevorder.

Die Bybel brand ... in Jesus se hand

~ Stephan Joubert

**Pas op om te val in die hande van
professionele Bybeluitleggers (soos onself!)**

Die bekende Deense Christen-filosoof Søren Kierkegaard (1813-1855) se woorde het my skoongeboul:

The matter is quite simple. The Bible is very easy to understand. But we Christians are a bunch of scheming swindlers. We pretend to be unable to understand it because we know very well that the minute we understand, we are obliged to act accordingly ... Herein lies the real place of Christian scholarship ... Christian scholarship is the Church's prodigious invention to defend itself against the Bible, to ensure that we can continue to be good Christians without the Bible coming too close. Oh, priceless scholarship, what would we do without you?

In vain does the Bible command with authority. In vain does it admonish and implore. We do not hear it – that is, we hear its voice only through the interference of Christian scholarship, the experts who have been properly trained. It is true that we Protes-

tants go to great efforts so that every person can have the Bible – even in their own tongue. Ah, but what efforts we take to impress upon everyone that it can be understood only through Christian scholarship (2002:202).

Blaai ek deur koerante en tydskrifte, sien ek hoe die huidige generasie professionele uitleggers van die Bybel hulle ding doen. (En ek beskou myself ook as een!) In *Kerkbode*, die NG Kerk se amptelike blad, loop ek byvoorbeeld in die uitgawe van 4 Desember 2015 'n klompie artikels raak met opskrifte soos: “Lees die Bybel verantwoordelik, asseblief.” “Wes-Transvaal sê nee vir gay verbintenisse.” “Gay dominees is 'n stap te ver.” “Om Christelik te verskil – in een kerk.”

In een van hierdie artikels lees ek onder andere hoe 'n paar teologie-professore Bybelse uitsprake rondom selfdegeslagverhoudings as uitgediend verklaar. Dit wat die Bybel onder hoëmötisme verstaan, is volgens hulle iets totaal anders as dié binne huidige gesonde en liefdevolle selfdegeslagverhoudings. In die briewekolom van hierdie uitgawe meen nog 'n professor dat Paulus in Romeine 1 nog nie geweet het van “die anderse, voorgeboortelik gefikseerde seksuele oriëntasie” (of individue se aangetrokkenheid tot persone van hulle eie geslag) nie.

Die regte verstaan van die Bybel val dikwels vas in 'n intellektuele armdrukkery. Die waarheid word gedebatteer, beredeneer, gefilosofeer ... Wanneer sulke gesprekke boonop by kerklike vergaderings plaasvind, word die uitslag hiervan demokraties bepaal deur stemmings. Lyk my die waarheid kan dus bepaal word deur te stem. Die meerderheid se waarheid wen.

Vele professionele uitleggers van die Bybel beskou dit nie regtig meer as God se Woord nie, maar as 'n menslike skepping wat hier en daar 'n stukkie boordse inspirasie vertoon. Die bekende teoloog Marcus Borg (2011) meen byvoorbeeld dat “mainstream Biblical scholarship” (waarby hy homself tot en

met sy dood ingesluit het) die Bybel bestudeer sonder enige verbintenis tot, of ondergeskiktheid aan, bepaalde Christelike leerstukke. Hy som hierdie posisie as volg op:

The Bible is a human product, not a divine product. It is the product of two ancient communities ... The Jewish – what Christians call the Old Testament – is the product of ancient Israel. The New Testament is the product of the early Christian movement. To see the Bible as the work of human beings does not deny the reality of God, or the reality that the Bible was divinely inspired. But the Bible is not a divine product. Rather, it's a collection of writings by our spiritual ancestors of the Christian tradition. It tells us how they experienced the sacred, saw the world, told their stories and understood what life with God involved.

The Bible is not to be interpreted literally, factually, and absolutely. Its language is often metaphorical, and its primary concern is not factual reporting. Its laws and ethical teachings are not absolutes relevant to all times and places, but are the products of those ancient communities and address their time and place. This does not imply that its laws and ethics are irrelevant to our time. But they cannot be directly transferred to the twenty-first century.

Bewaar ons ook van gewone Bybeluitleggers (soos onself!)

Toegee, dis nie net professionele Bybeluitleggers wat met die relevansie van die Bybel stoei nie; “gewone” Bybelleesers het ewe sterk opinies hieroor. In September 2015 was die bekende filmster Whoopi Goldberg juis in die spervuur toe sy aan 'n gesprek op die Amerikaanse TV-program *The View* deelgeneem het. Dit het onder andere gehandel oor die pous se besoek aan die VSA. Toe aborsie ter sprake kom, het sy as volg gereageer: “Well, there’s nothing in the Book that says anything about abortion. Let’s make sure of that. The Ten Commandments are

the Ten Commandments. There's only ten."

Toe onthou ek van 'n flik van Kevin Bacon genaamd *Foot-loose* wat in die vroeë 1980's gewild was. Iewers moes hy die plaaslike dominee, wat teen dans gekant was, probeer oortuig dans is oukei. Toe haal hy uit die Bybel die voorbeeld aan van Dawid wat voor die ark gedans het. Hierna kon almal dans, want hulle het darem nou 'n Bybelteks gehad wat hulle "cover"!

Baie Bybellesers meen hulle het direkte toegangsroetes tot die verstaan van die Bybel. Hulle sê graag hulle het "Skrif gekry", of dat die Gees vir hulle hierdie of daardie tekste gegee het. Of hulle skuil agter uitsprake soos: "The Bible said it; I believe it and that's final." Dan hoef hulle nie verder te dink oor die verstaan van die Bybel nie. Geen wonder nie dat die Bybel op baie plekke afgewater is tot 'n godsdienstige vraag-en-antwoord-boek propvol kitsantwoorde. Of tot 'n stiltetyd-boek.

In 'n studie deur ekerk in 2014 oor die rol van die Bybel onder Afrikaanssprekendes (<http://www.ekerk.org/#!/verslae/cvb6>) blyk dit juis dat baie mense die Bybel hoofsaaklik as 'n stiltetyd-boek sien. Hulle lees dit eintlik net in die aand voor slaapyd. Verder is die Bybel verwyderd van "die regte lewe".

Ewe gevaarlik as party professionele uitleggers van die Bybel met hulle post mortem-eksegese op die Woord, is daardie groep lesers wat meen hulle is God se self-aangestelde advokate en arrestasie-beamptes. In hulle hande verander die Bybel in grofgeskut waarmee hulle almal afskryf wat van hulle eng verstaan van die Bybel verskil. Sulke "Bible bashers" het gedurig 'n oordeelswoord en 'n verdoemende teks gereed vir mense wat nie presies soos hulle oor die Bybel dink nie.

Hier's ons gunsteling Bybel-foute

Eintlik is die onderskeid tussen professionele en nie-professionele lesers van die Bybel somer plein nonsens. Ons almal

is maar net lesers van God se teks, of ons dit nou voltyds of deelyds doen. En ons almal moet dit reg doen – so eenvoudig soos dit! Daarom moet ons ligloop vir die volgende Bybel-oortredings:

Die Bybel stem altyd saam met ons

Voltaire het iewers 'n pous aangehaal wat gesê het: “If God made us in His own image, we have certainly returned the compliment.” Te veel van ons teologie, kerkwees en Bybel-les is egosentries. Ons belyn eintlik maar net ons eie sienings met dié van God. Bedoelende, Hy klink en praat op die ou end presies net soos ons teologie, ons kerk, of ons politieke oortuigings. As ons Gereformeerd is, dan is God ook Gereformeerd; as ons charismaties of Rooms-Katoliek is, dan is Hy ook.

Nicholas Epley en sy navorsingspan se studie in 2009 “Believers’ estimates of God’s beliefs are more egocentric than estimates of other people’s beliefs” bly in my agterkop vandat ek dit die eerste slag gelees het. Hulle bevind naamlik dat mense dit wat hulle as God se wil beskou baie sterker met hulle eie sienings belyn as met ander mense s’n. Indien individue wat deel was van dié studie oortuig kon word om hulle standpunte te verander oor bepaalde sake, soos homoseksualiteit of egskeiding, dan het God se standpunt in hulle oë ook verander. Anders gestel, wanneer mense 'n groot skuif in hulle eie koppe gemaak het oor die vraag of iets reg of verkeerd is, dan het God presies dieselfde gevoel. Nee, dan het Hy eintlik nog altyd soos hulle nuutste sienings oor daardie saak gedink. Epley kom tot die gevolgtrekking: “Believers commonly use inferences about God’s beliefs as a moral compass, but that compass appears especially dependent on one’s own existing beliefs.”

Is dit dalk hoekom Susan Anthony sê: “I distrust people who know so well what God wants them to do for it always coincides with their own desires”?

Die Bybel is ons "go-to" Boek waar en wanneer dit ons pas

In baie gevalle het die Bybel in 'n "go-to" boek verander. Stil en dig toegesluit lê dit op boekrakke totdat ons antwoorde hieruit benodig. Dan eien ons vir onself die reg toe om dit self oop te maak (of ons google sommer die tekste waarna ons op soek is). Wanneer ons byvoorbeeld wil weet wat die Bybel sê oor selfdegeslagverhoudings, distilleer ons die tekste wat hieroor handel tot sewe! Min of meer dieselfde gebeur wanneer ons wil weet van saamwoon, drankmisbruik, kloning, Joodse feeste, "tattoos" ... Hierna stry ons (met toe Bybels en al!) onder mekaar of daardie tekste nog vir ons werk, en of hulle intussen van hoë ouderdom doodgegaan het en tuishoort in die museum vir irrelevante Bybeltekste.

Ons het die Bybel mak gemaak. Ons het dit getem met ons slim uitlegmetodes en ons eie lyste van gunsteling tekste. Ons het die Bybel voorspelbaar, veilig en vervelig gemaak. Ons kan dit ontleed en uitmekaar haal op ons eksegetiese operasietafels sonder dat ons nog in eerbied neerval voor die Outeur van hierdie Boek.

Voordat jy my verkeerd hoor, natuurlik moet ons die Bybel uitleê. In 2 Timoteus 3:16 word ons juis opgeroep om die ganse Skrif te gebruik om dwalinge te bestry en om mense te onderlig in die waarheid. Die Bybel is die kerk se amptelike leer-en-lewe-boek. Dit is ons nadenke-en-refleksie-boek. Maar dan is dit nooit 'n stil boek wat ons aan die praat moet kry wanneer, waar en waaroor dit ons pas nie.

Vier weergawes van God in een Boek

Will Gervais (2014) sê dat mense se godsdienstige waarnemings en nadenke nie een of ander spesiale kategorie van waarneming is wat los van ander denkprosesse gebeur nie. Geloofsdenke is 'n spesifieke samevoeging van bepaalde opvattinge, beskouings en norme, maar dit staan nie los van ons ander waarnemings en ervarings nie. Dalk verklaar dit die gevolgtrekkings

in 'n boek (2010) van twee sosioloë, Paul Froese en Christopher Bader. Hierdie boek handel oor hulle navorsing wat aantoon dat Westerse gelowiges eintlik in vier verskillende “gode” glo. Nee, hulle bedoel nie die God van die Christendom, Judaïsme of Islam nie. Christene wat een en dieselfde Boek lees, kry dit naamlik ook reg om vier Godsbeelde hieruit te haal wat soms so verskil dat hulle mekaar selfs as vyande beskou.

Bader en Froese bevind 31% mense in die VSA glo in 'n outoritêre God; 23% glo in 'n genadige God; 24% glo in 'n veraf God, en 16% in 'n kritiese God. Boonop verskil huidige mense se sienings van God heelwat van vorige generasies s'n. Hierdie verskillende voorstellings van God word só saamgevat (https://en.wikipedia.org/wiki/America%27s_Four_Gods):

Individuals who conceive of an authoritative God and a benevolent God both see God as taking an interventionist role in believers' lives. They differ, however, in how they see God intervening. Those who conceive of an authoritative God imagine God intervenes to punish those who lapse from his rules, and are likely to be white males. Those who conceive of a benevolent God imagine God intervenes to rescue and present alternatives, and are likely to be female.

Individuals who conceive of a critical God imagine he does not intervene in individuals' lives, but will judge them in an afterlife. Statistically black Americans are more likely to hold this conception.

Those who believe in a distant God imagine that God set the entire Universe in motion, but has no engagement with humanity at all. Americans who hold this conception are statistically likely to have completed more years of education than those in the other three groups.

Die Bybel is eintlik maar net ons Groot Verseboek

Baie mense skep hulle eie Bybel binne-in die Bybel. Hulle lees

net daardie tekste wat vir hulle werk en ignoreer die res.

Terloops, het jy geweet in 2014 was die top tien mees aangehaalde verse op YouVersion (vanaf nommer een): Romeine 12:2, Filippense 4:8, Filippense 4:6, Jeremia 29:11, Matteus 6:33, Filippense 4:7, Spreuke 3:5, Jesaja 41:10, Matteus 6:34 en Spreuke 3:6 (ChristianityToday <http://www.christianitytoday.com/gleanings/2014/december/worlds-10-most-popular-bible-verses-youversion-2014.html>).

Dis jammer dat baie Bybellesers nie eens weet die Bybel was oorspronklik versloos en hoofstukloos nie. Hoofstukindelings, soos wat ons dit vandag ken, is gedoen deur biskop Stephen Langton aan die begin van die dertiende eeu. Huidige versindelings kom vanaf Robert Estienne se Griekse uitgawe van die Nuwe Testament in 1551 en sy Franse vertaling in 1553. Hoe anders sou ons nie die Bybel geles het as dit sonder al hierdie kunsmatige hulpmiddels was nie! Wie weet, dan sou ons Bybelboeke van begin tot einde deurgeles het, soos wat dit bedoel is om geles te word. Dan sou ons God nie net probeer vasvang het in ons eie gunsteling Bybeltekste nie.

Miskien moet ons almal bid: Bewaar ons teen ons eie "Groot Verseboek", teen ons selfgemaakte, afgewaterde weergawes van die Bybel!

Die Bybel brand

Ons is op God se terrein as ons met die Bybel te doen het. Dis nie 'n Boek waaroor ons beheer het, of wat ons kan verstaan soos ons wil, of waar en wanneer dit ons pas nie. Die regte ortodoksie wanneer die Bybel ter sprake is, vra om ortopraksie. Bedoelende, ons verstaan van die Bybel moet lei tot die regte manier van leef voor God en tussen ander mense.

Die vraag is nie of ons die Bybel mag uitlê nie; die vraag is of ons te tuis en gemaklik geraak het hiermee. In ons dag is ons al so slim dat ons honderd verskillende opinies oor enige

Bybelteks kan optower op die ingewing van die oomblik. Ons uitdaging is nie maar net om die regte Skrifuitlegbeginsels in plek te kry nie; dit is om die Bybel op God se terme te lees en uit te leef.

Die Woord brand, maar dit brand ons eintlik nie meer nie. Ons het die vuur geblus! Ons het die vlamme van die Gees afgekoel. Ons verwondering vir die Woord is weg. Ons harte word nie meer aangevuur deur die verhale en die helde van die Bybel nie. Ons kan nie meer so maklik agter Petrus aan sê nie: "Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde wat ewige lewe gee" (Joh. 6:68). Ook kan ons nie meer saam met die mense van Emmaus in Lukas 24:32 sê (nadat Jesus op Opstandingsondag saam met hulle geloop en geëet het) dat ons harte aan die brand geslaan het toe Hy op die pad met ons gepraat het en vir ons die Skrif oopgemaak het nie.

Jesus maak nie meer vir ons die Skrif oop nie; ons doen dit sommer self! Ons het die Bybel uit sy hande gevat. Dit is waarom ons aan "afgekoelde hart"-sindroom ly. Om weer brandende harte te hê, moet ons 'n paar dinge oor die Bybel weet, glo en beoefen:

Die Bybel is God se amptelike Reddingsverhaal

Ons kom nooit los van ons menswees nie, nie eens as ons die Bybel lees nie. Met daardie einste koppe en harte waarmee ons die res van die lewe beleef, interpreteer ons ook die Bybel. Maar dit verander niks aan die feit dat die Bybel God se amptelike Boek is nie, en dat ons aanhoudend die keuse moet maak om onself onder die Bybel se gesag te stel nie.

Gewone mense wat deur God begenadig is, het die Bybel geskryf, mense wat Grieks en Hebreeus (en Aramees) gepraat het en ander kulturele gebruike as ons gehad het. Hierdie skrywers het nooit hulle menswees prysgegee om hulle boeke op robotagtige maniere neer te skryf nie. Die Bybel het boonop 'n lang wordingsgeskiedenis deurloop. Maar agter dit alles sien

ons steeds God se vingerafdrukke helder en duidelik raak in hierdie unieke versameling van 66 boeke. Dit is sy Boek; sy amptelike reddingsverhaal.

Die Woord, wat lyf gekry het toe God se Seun hier op aarde was, het ook 'n Boekvorm gekry. Hierdie Skrifgeworde Woord vertel vir ons van God se paaie met Israel: hoe Hy hulle geroep het; hoe Hy hulle keer op keer opgesoek en oor en voor met hulle begin het, en hoe die hoogtepunt van sy soektog hier op aarde uitgemond het in die koms van Jesus. God se reddings-crescendo is die duidelikste hoorbaar aan die kruis en ook anderkant Jesus se leë graf.

God se Boek plaas sy Vaderhart oop en bloot op die tafel. Te midde van menslike mislukkings, opstand en misverstand hoor ons deur die hele Bybel van die triomf van God se genade. Ons hoor hoe sy koninkryk met Jesus se koms sigbaar aangebreek het. Ook hoor ons hoe God sedertdien op ons hakke is om ons te red en om sy wêreld binnekort vir altyd nuut te maak.

Die Bybel oorstroom ons van die Ander Kant af

Die Bybel moet reg gelees word. Al is die boodskap glashelder, is nie elke hoofstuk of boek ewe maklik verstaanbaar nie. Tog kan nie eens ons beste uitlegmetodes of die suiwerste kerklike besluite waarborg dat ons ooit in die eintlike Outeur van die Bybel sal vasloop nie. Iewers moet Hyself ons oë van die ander kant af oopmaak. Hy moet ons harte aanraak, anders is ons lewenslank blind en doof. Ons moet toelaat dat die Gees ons lewens oorspoel.

As ons nie by daardie punt kom dat ons die Bybel toelaat om ons eie tradisies, opinies en ervarings te oorroep nie, gaan hierdie Boek hoogstens net een van ons gespreksgenote bly. Dan gaan die Bybel nooit die veto-stem hê in ons lewens nie. Wanneer die horisonne van ons eie lewe egter begin saamsmelt met God s'n, en wanneer ons eie wil ondergeskik gestel word

aan Syne, verander ons belydenisse oor die Bybel in deurleefde belewenisse. Maar dit vra altyd om 'n offer; dit vra om 'n kruis! As deel van Jesus se kruis moet ons ook die kruis van die Bybel dra.

Ons moet toelaat dat ons eie identiteit en alles wat saak maak in ons lewe, oorroep word deur God se Woord. Bedoelende, ons moet ons ondergeskik stel aan God se Boek, al druis dit in teen ons eie begeertes, behoeftes en beginsels. Nee, sulke keuses is nie naïewe spronge in die donkerte in nie. Of 'n lisensie vir ongekontroleerde eksegese, of vir swak hantering van die Bybel nie. Maar in dieselfde asem is dit veel meer as net nog 'n klomp kerklike gesprekke oor die gesag van die Bybel; nog kerkraadsbesluite, en nog keuses om op te staan vir die Bybel. Dit gaan oor lewenskeuses, oor keuses waar die Bybel nie net gedurig saamstem met ons eie opinies nie. Die Bybel is die Boek wat dikwels teen ons eie grein ingaan, maar wat ons liefdevol oorrumpel, verander en oorspoel. Die Bybel is die lewegewende Woord van God wat ons nie slegs van opinie laat verander nie, maar ook van gedrag.

Die Bybel vra nie askies nie

Die Bybel is nie 'n neutrale, veilige boek nie. Dit is eindeloos meer as net 'n literêre meesterstuk, of 'n goed gedokumenteerde historiese oorsig van oud-Israel en die vroeë Christendom. Ja, dit is dit ook, maar die Bybel is die lewende God se teks wat Hy oorskryf in die harte van mense. In sy Gees se hande is dit 'n lewensgevaarlike boek. Die Bybel is subversief besig om ander koninkryke te onttroon. Dit ontmasker mense se diepste motiewe. Die Woord is die skerp swaard van die Gees wat slappendes wakker maak en dooies laat leef.

Die Bybel stem nie noodwendig saam met lesers hiervan se standpunte, norme, waardes, gebruike of leefstyl nie. Dit hoef ook nie. Maar dit vra nooit en nêrens om verskoning hiervoor nie. Die Bybel probeer nooit om polities korrek te wees nie.

Of om die gewildheidskompetisies van die jaar te wen nie. Of om te sê wat mense graag wil hoor nie. Of om getem te word deur uitleggers wat narkose op die Bybel probeer toepas nie. Trouens, soos wat die Ou-Testamentiese profete gereeld beleef het, kom die Bybel altyd stroomop na ons toe. Dit oorroep ons oortuigings en al ons bygeloof en ongeloof. Die Woord daag ons trompop uit om dit gelowig te lees, om anders te dink en anders te leef.

Die Bybel brand

Die Bybel is 'n lewende vuur. Dit brand onreinheid en onsuiverhede weg. Dit laat die skille van ons oë afval. Dit beitel die sement rondom ons harde harte weg. Dit laat ons in verwondering voor God leef. Ons kan nooit die Bybel afkoel tot kamertemperatuur wanneer dit met ons besig raak nie. Dit brand veels te sterk hiervoor. Ons kan nooit onveranderd bly as ons die vuur van die Woord beleef nie.

Die vuur van die Bybel maak ons denke nuut. Dit gee af op ons vingerafdrukke en voetspore. Die Bybel verander ons totale lewenskoers. Dit bring 'n diep honger en dors na God in ons binneste wat net al hoe sterker brand. Die Gees, in wie se hande die Woord leef, maak ons honger vir nog meer. Hy laat ons die Woord eet. Hy laat ons dit dag en nag oordink. Hy maak ons regtig lief vir God se Woord.

Martin Luther, daardie groot kerkhervormer en man van die Woord, verdien hier die laaste woord oor die Woord:

The neglect of Scripture, even by spiritual leaders, is one of the greatest evils in the world. Everything else, arts or literature, is pursued and practiced day and night, and there is no end of labor and effort; but Holy Scripture is neglected as though there were no need of it. There has never been an art or a book on earth that everyone has so quickly mastered as the Holy Scriptures. But its words are not, as some think, mere literature ("Lesewort"); they are

words of life (“Lebewort”), intended not for speculation and fancy but for life and action. By why complain? No one pays any attention to our lament. May Christ our Lord help us by His Spirit to love and honor His holy Word with all our heart.

~ Luther’s Works, 14:46